Geopende Deure

# 31 DAE VAN GEBED VIR INDIË

# INLEIDING: NOOIT ALLEEN NIE

In ŉ land wat ŉ biljoen mense huisves, is dit moeilik om te glo dat enigiemand alleen kan voel.

En tog is dit presies hoe baie van ons broers en susters in Indië voel. Christene is slegs ŉ klein minderheid in dié land – tans minder as 5% van die bevolking. ŉ Christen wat besluit om die gemeenskap se tradisionele geloof te verlaat en Jesus te volg, kan die enigste Christen in sy familie of dorp wees. Iemand wat in ŉ landelike deel van Indië woon, is dalk die enigste een vir kilometers ver wat in Jesus glo.

Iemand wat alleen is, is ŉ maklike teiken. Hoewel die kerkgeskiedenis daarop dui dat die Evangelie gedurende die eerste eeu na Indië gebring is, word gelowiges vertel dat Christenskap ŉ "vreemde godsdiens" is. Hulle word daarvan beskuldig dat hulle die gode in hul gemeenskap kwaad maak en ongeluk na die dorp bring wanneer hulle nie aan tradisionele rituele deelneem nie. In gebiede met anti-omskakelingswette word hulle van onwettige optrede beskuldig.

Veldtogte wat vals inligting oor Christene versprei, het al tot ernstige vervolging en skaregeweld gelei. Geïsoleerde gelowiges word deur hul families en gemeenskappe verwerp, werk geweier, uit hul huise gegooi, aangerand, gevange geneem – selfs soms doodgemaak.

Hierdie is nie geïsoleerde voorvalle nie. Hindoe-ekstremiste streef daarna om Christenskap in Indië heeltemal uit te wis. Hulle gebruik propaganda teen Christene en leuens om ander op te sweep tot aggressiewe diskriminerende optrede en gewelddadige vervolging.

Hoewel Geopende Deure se plaaslike vennote gehoop het dat die Covid-19-inperkings tot minder aanvalle op Christene sou lei, was dit ongelukkig nie die geval nie. Christene is nog meer as tevore geïsoleer. Baie het hul inkomste verloor en talle gelowiges in Indië is verlede jaar weens hul geloof fisies aangeval. Talle Christene in Indië ervaar ook diskriminasie saam met die gewelddadige aanvalle – en dit kan net so dodelik wees. Duisende gelowiges word gedurende die Covid-19-inperkings voedselhulp deur die regering geweier weens hul geloof en sou van die honger sterf as Geopende Deure se plaaslike vennote hulle nie gehelp het nie. Dit is waarom jou gebede en ondersteuning so noodsaaklik is. Jy stel Geopende Deure se plaaslike vennote in staat om ons broers en susters te besoek om saam met hulle te bid, om praktiese ondersteuning aan hulle te gee en om hulle te bemoedig met die wete dat hulle deel van ŉ wêreldwye familie is wat vir hulle omgee.

En vanjaar werk Geopende Deure om die leuens te ontbloot wat die wortel van die vervolging is wat Christene ervaar, en om dit met die waarheid te beveg. Jy kan aan die einde van hierdie gebedsgids meer uitvind oor hoe om vir ons vervolgde broers

en susters te praat as deel van Geopende Deure se Impact India-veldtog. Of besoek ons webtuiste by **www.standfortruthindia.co.za**.

Ongeag die vervolging wat hulle ervaar, hou baie van ons broers en susters dapper aan hul geloof vas in die aangesig van ernstige vervolging. Nuwe gelowiges praat dikwels van wonderbaarlike genesings wat hulle gesien het wanneer hulle tot Jesus gebid het. Hulle sien Sy kragtige werking en weet dat Hy eg is – en hulle sal Hom nie verlaat nie.

Terwyl jy hierdie maand vir ons kerkfamilie in Indië bid, weet ons dat God sal luister. En om te weet dat gelowiges regoor die wêreld vir hulle bid, sal ons broers en susters in Indië help om te besef dat, ongeag hoe hulle voel, hulle nooit alleen is nie.

*Name is deurgaans verander weens sekuriteitsredes.*
*Foto's is verteenwoordigend tensy andersins aangedui.*



# WEEK 1

# LEUENS EN DIE WAARHEID

**"En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak."**

**JOHANNES 8:32**

---

Die leuens wat teen Christene in Indië versprei word, is gedeeltelik die rede waarom die vervolging van Christene in dié land toeneem. Veldtogte met vals inligting oor Christene lei tot ernstige vervolging en skaregeweld. Geopende Deure se Impact India-veldtog is daarop gemik om dit te verander deur die leuens te ontbloot en dit met die waarheid te beveg.

Bid asseblief hierdie week saam met ons teen hierdie leuens, en dat die waarheid sal help om ons broers en susters van vervolging te bevry.



# DAG 1

**LEUEN:** “Indië is ŉ Hindoestaat – Christene hoort nie hier nie.”

**WAARHEID:** Die Indiese grondwet erken in Artikel 25 dat “alle persone ewe veel geregtig is op vryheid van gewete en die reg om godsdiens vrylik te bely, beoefen en propageer”. Christene in Indië het ŉ grondwetlike reg om hul geloof te beoefen.

**LEES HANDELINGE 10:34-35**
*“Toe het Petrus aan die woord gekom en gesê: ‘Waarlik, ek begryp nou eers dat God nie onderskeid maak nie, maar in enige volk die mense aanneem wat Hom vereer en doen wat reg is.’”*

**BID:**

- Prys God daarvoor dat mense van elke volk, insluitende Indië, in staat is om hul vertroue in Jesus te plaas.
- Bid dat God dié sal versterk wat hulle daarvoor beywer om die reg tot vryheid van geloof in Indië te beskerm.
- Christene in Indië met lae opvoedingsvlakke weet dikwels nie dat hulle die grondwetlike reg het om hul geloof te beoefen nie. Geopende Deure se plaaslike vennote verskaf voorspraakopleiding aan hulle, sodat hulle kan weet hoe om vir hul regte op te staan as hulle vals beskuldigings ervaar. Bid vir moed vir Indiese Christene wanneer hulle vir hul regte opstaan.

# DAG 2

**LEUEN:** "Christenskap is ŉ vreemde godsdiens."

**WAARHEID:** Christenskap is al vir baie eeue in Indië aanwesig. Christelike tradisies verklaar dat Christenskap in die eerste eeu deur Thomas, een van Christus se twaalf dissipels, in die land aangekom het. Volgens oorlewering het hy na suidelike Indië gereis en sy laaste dae in Tamil Nadu deurgebring. Sy nalatenskap kan vandag nog gesien word in die tradisies van die "Thomas-Christene".

**LEES WAT GOD IN GENESIS 22:18 AAN ABRAHAM GESÊ HET:**
*"In jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees, want jy het My gehoorsaam."*

**BID:**
- Prys God omdat Hy reg van die begin af ŉ plan gehad het om elke nasie, insluitende Indië, te seën.

- Bid dat Christene nie soos buitestaanders behandel sal word weens die leuens oor hul geloof nie, maar dat hulle ŉ gevoel van aanvaarding sal vind in die wete dat Christenskap al vir amper 2 000 jaar in Indië is.


Christene in suid-Indië bid saam.

# DAG 3

**LEUEN:** "Indiërs word nie toegelaat om na enige ander geloof as Hindoeïsme oor te skakel nie."

**WAARHEID:** Hoewel sommige van Indië se state anti-omskakelingswette het, is dit daarop gemik om gedwonge godsdienstige omskakelings te verhoed, wat deur gedwonge of bedrieglike maniere of valse voorwendsels of belonings uitgevoer word. Daar is geen wetgewing wat iemand verhoed om vrywillig van godsdiens te verander nie.

**LEES ROMEINE 10:9**
*"As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word."*

**BID:**

- Prys God dat enigeen hul geloof in Jesus kan plaas, ongeag wat die wette van ŉ land bepaal.

- Ekstremiste dwing nuwe Christene soms om deel te neem aan ŉ "Ghar Wapsi"-seremonie, wat "tuiskoms" beteken en na die terugkeer van Hindoeïsme verwys. Bid dat God aan nuwe gelowiges die moed en krag sal gee om die druk te weerstaan om na hul ou geloof terug te keer.

- Anti-omskakelingswette word dikwels gebruik om Christene te teister wat as deel van hul geloof aan normale aktiwiteite deelneem, soos om ŉ gebedsbyeenkoms te hou of ŉ kerkdiens by te woon – die ekstremiste beweer dat hulle mense tydens hierdie aktiwiteite dwing om na Christenskap te bekeer. Bid dat hierdie wette herroep sal word, of dat ŉ afskrikmiddel geskep sal word om valse aantygings te verhoed.



# DAG 4

**LEUEN:** "Indiese mense wat Christene word, is nie meer Indiërs nie – alle ware Indiërs is Hindoes."

**WAARHEID:** Ongelukkig word hierdie idee bevorder deur Hindoe-ekstremiste wat in ŉ ideologie genaamd Hindutva glo. Die idee behels dat Indië gesuiwer moet word om slegs diegene in te sluit wat in staat is om Indië beide hul vaderland en hul heilige land te noem. Volgens hierdie teologie word godsdienste soos Hindoeïsme, Boeddhisme, Jainisme en Sikhisme as Hindutva beskou. Indiese Christene (en Moslems) word daarvan beskuldig dat hul lojaliteit buite Indië is.

Indiese Christene sien hulself egter nie as enigsins minder Indies weens hul geloof nie, en baie werk om hul gemeenskappe en die Indiese samelewing te dien.

**LEES JEREMIA 29:7**
*"Bevorder die belange van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, bid tot My vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange."*

**BID:**

- Bid dat, soos wat Indië floreer, Christene in dié land ook sal floreer. Bid dat God Indië se Christene as ŉ seën vir die nasie sal gebruik, en dat die Indiese nasie sy Christene in reaksie hierop sal seën.

- Dit is nie net Christene nie, maar ook Moslems en ander godsdienstige minderhede, wat deur die Hindutva-ideologie beïnvloed word. Bid vir beskerming vir Indië se godsdienstige minderhede.



# DAG 5

**LEUEN:** “Christene betaal arm mense om Christene te word.”

**WAARHEID:** Aangesien baie van dié wat tot geloof in Jesus kom arm is en lae opvoedingsvlakke het, beweer die Hindoe-ekstremiste dikwels dat hulle betaal word om tot bekering te kom (wat in sommige state onwettig is). Geopende Deure-vennote hoor egter dikwels dat wonderbaarlike genesing die eintlike rede is waarom nuwe gelowiges tot geloof in Jesus kom.

Ankita* is een van hulle. Haar seun was baie siek en ondanks besoeke aan talle dokters, kon niemand hom help nie. Sy sê: “Dit het vir ŉ paar maande voortgeduur en ons het alle hoop verloor dat hy van die medisyne sou genees. Hoewel ons Hindoes is, het ek toe besluit om hom na die kerk te neem vir gebede. Ons het hom op die vloer laat lê en almal het vir hom gebid. Teen die einde van die laaste gebed tydens die diens was hy volkome genees – ons prys God!”

**LEES PSALM 30:3**
*“Here my God, ek het na U geroep om hulp en U het my gesond gemaak.”*

**BID:**
- Prys God dat Hy Sy krag in Indië illustreer en dat Hy baie mense na Hom aantrek deur wonderbaarlike genesings. Bid dat dit sal aanhou gebeur.
- Bid vir diegene wat valslik daarvan beskuldig word dat hulle mense betaal om Christene te word, en dat hulle reputasies herstel sal word.
- Bid vir beskerming vir dié wat hul geloof in Jesus met vrymoedigheid deel, ondanks die risiko dat hulle daarvan beskuldig kan word dat hulle ander dwing om tot bekering te kom.



# DAG 6

**LEUEN:** “Lede van inheemse stamme kan nie Christene word nie.”

**WAARHEID**: Daar is “geskeduleerde gebiede” in tien Indiese state wat oorwegend uit stambevolkings bestaan. Wetgewing bepaal dat elke dorp in ŉ geskeduleerde gebied ŉ “Gram Sabha”, oftewel ŉ dorpsbeheerliggaam, moet hê. Die Gram Sabha se rol is om die tradisies, gebruike en kulturele identiteit van die mense te bewaar, gemeenskapshulpbronne te beskerm en geskille op te los.

Die Gram Sabha kan nie stamlede se grondwetlike regte oorheers nie en kan iemand nie verhoed om ŉ Christen te word nie. Sommige Gram Sabhas probeer mense egter keer om hul geloof te beoefen as dit nie die stam se tradisionele geloof is nie.

**LEES PSALM 6:5**

*“Neem my weer onder u sorg, Here, en red my lewe. Help my, want U is getrou.”*

**BID:**

- Vra God om gelowiges vanuit ŉ stam-agtergrond wat verwerping en diskriminasie ervaar omdat hulle hul tradisionele geloof verlaat het, te help.

- Bid dat die wette wat ingestel is om tradisionele kulture en tradisies te beskerm, nie misbruik sal word om Christene of ander stamlede wat kies om hul geloof te verander te vervolg nie.



# DAG 7

**LEUEN:** “Daar sal teen die einde van 2021 geen Christene in Indië oor wees nie.”

**WAARHEID:** Die leier van ŉ groot Hindoe-ekstremistegroep het verklaar dat hierdie leuen hul doelwit is. Dit verduidelik waarom die vervolging van Christene drasties toegeneem het sedert dié doelwit in 2014 die eerste keer bekendgemaak is.

Terwyl baie Christene diskriminasie, geweld en selfs die dood in die gesig staar weens hul geloof, wys die dapperheid van ons Indiese broers en susters dat die Kerk nie vernietig sal word nie.

In ŉ onlangse voorval is ŉ evangelis, Ravi*, doodgemaak omdat hy geweier het om op te hou om sy geloof met ander te deel. Toe Geopende Deure-vennote sy vrou, Sumi*, ontmoet het, het sy die volgende gedeel: “Indien nodig sal ek vir Jesus sterf, maar ek sal Hom nooit verlaat nie. Ek sal voortgaan om hier te bly en sal voortgaan met my man se bediening.”

**LEES FILIPPENSE 1:21**
*“Want om te lewe, is vir my Christus; en om te sterwe, is vir my wins.”*

**BID:**

- Prys God vir ons Indiese broers en susters, soos Sumi, se dapperheid om getrou aan Jesus te bly, ondanks die uiterste vervolging wat hulle ervaar. Vra God om hulle te beskerm en om aan hulle krag en vertroosting te gee.

- Bid dat die ekstremiste se planne om die Kerk in Indië te vernietig op alle gebiede gedwarsboom sal word, en dat hierdie ekstremiste self Jesus se liefde sal ervaar en na Hom sal draai.

- Jou gebede en ondersteuning help die Kerk in Indië om onder die ergste vervolging te oorleef, en lei tot die verskaffing van praktiese hulp, opleiding en bemoediging deur Geopende Deure se plaaslike vennote. Vra God om dié vennote te help om diegene te bereik wat hulp die nodigste het.

# WEEK 2

# LEUENS LEI TOT AKSIE

**"Hovaardige mense beswadder my, maar ek voer U bevele uit met my hele hart."**

**PSALM 119:69**

---

Omdat leuens oor Christene deur ekstremiste in Indië versprei word, ervaar Christene toenemende vlakke van vervolging deur dié wat hierdeur mislei word. Sluit vandeesweek by ons aan in gebed vir beskerming, vertroosting en krag vir ons broers en susters wat diskriminasie en geweld ervaar – wat ook regdeur die Covid-19-pandemie voortduur.

# DAG 1 – VINITA

Bid asseblief vir Vinita* en haar familie. Vinita is ŉ gelowige van Indië en in haar middel-20's. Sy bedryf ŉ klein winkeltjie in haar huis en haar man werk in ŉ fabriek. Hulle het ŉ eenjarige babadogtertjie.



Vinita

Hulle ervaar voortdurende teistering van hul gemeenskap sedert hulle tot geloof in Jesus gekom het. Vinita vertel: "Ek het probeer om die Evangelie met talle mense te deel, maar hulle wil nie luister nie. Hulle praat lelik met my en sê: 'Jy aanbid ŉ vreemde God in plaas van ons eie gode en godinne.'"

Die vervolging het onlangs meer gewelddadig geword. Toe Vinita eendag in haar huis saam met haar pastoor en sy familie gebid het, het Hindoe-ekstremiste ingebars en hulle met metaalstawe aangeval. Hulle het Vinita se babadogtertjie op die grond gegooi, maar sy het gelukkig oorleef met slegs skrape op haar bene. Vinita en die ander is egter ernstiger beseer. Om dinge te vererger, het die mediese personeel by die staatshospitaal geweier om hulle te behandel weens druk van die Hindoe-ekstremiste.

Jou gebede en ondersteuning het Geopende Deure se plaaslike vennote in staat gestel om hulle na ŉ privaathospitaal te neem en vir hul behandeling te betaal. Jou ondersteuning gee ook voorspraakondersteuning in die saak wat teen hul aanvallers aanhangig gemaak is.

**LEES PSALM 32:7**

*"U is vir my ŉ skuilplek, U beskerm my teen aanvalle, U laat my oorwinningsliedere sing."*

**BID:**

- Vinita sê: "Bid vir my dogter en die res van my familie sodat ons veilig sal wees. Ons leef in vrees dat hulle iets aan ons gaan doen. Aangesien hulle ons steeds dreig, bid dat die dreigemente sal ophou."

- Vra God om ons broers en susters in Indië teen gewelddadige aanvalle te beskerm.

# DAG 2 – GAURAV

Gaurav* is ŉ kerkleier. Hy het die Evangelie aktief gedeel, en is verskeie kere deur ekstremiste en plaaslike mense in die gebied gedreig en beveel om op te hou. Toe hy weier, is hy valslik daarvan beskuldig dat hy bedrieglike maniere gebruik om mense tot Christenskap te laat bekeer. Hy en twee van sy vriende is vir vier maande gevange gehou.

Toe hulle uiteindelik vrygelaat is, het dit hulle drie jaar geneem om hul onskuld te bewys. Gaurav sê: "Intussen het ek en my vriende nie werk gehad nie. Die gemeenskap het ons as misdadigers gesien en niemand wou met ons meng nie. Ek het hard gewerk op ŉ stukkie plaasgrond en ons het voortdurend na tydelike werk gesoek.

"Geopende Deure-vennote het gehelp om in ons behoeftes te voorsien en het al die nodige leiding gegee in die hofprosedures. Uiteindelik kon ek en my twee vriende ons onskuld bewys. Ons dank die Here vir almal regoor die wêreld wat vir mense soos ons in Indië bid."

**LEES JOHANNES 8:36**
*"Eers as die Seun julle vrymaak, sal julle werklik vry wees."*

**BID:**

- Prys God dat Gaurav en sy vriende hul onskuld kon bewys. Vra vir God se voortgesette beskerming en seën vir hulle en hul families.
- Bid dat God ons broers en susters in Indië teen vals beskuldigings sal beskerm.
- Bid vir krag en bemoediging vir dié wat in die tronk is, en vir voorsiening en vertroosting vir hul families.
- Bid vir wysheid vir Geopende Deure se plaaslike vennote terwyl hulle gelowiges ondersteun wat hierdie uitdagings ervaar.



# DAG 3 – ADITI

Aditi* (16) en haar familie het talle uitdagings ervaar nadat hulle tot geloof in Christus gekom het. Sy sê: "Toe ons gekies het om Christene te word, het die mense in ons dorp ons begin spot omdat ons ŉ vreemde geloof aangeneem het. Hulle het geweier om enigiets met ons te doen te hê. My gesin was baie arm, so ons het saam met ander familielede gebly en was van hulle afhanklik vir finansiële ondersteuning. Hierdie ondersteuning is van ons weggeneem nadat ek en my ouers Christene geword het."


Aditi studeer

Aditi se pa is gedurende die oestyd geïsoleer en geeneen van sy bure wou hom op die landerye help nie. Selfs sy pogings om dagarbeiders in die dorp te huur was onsuksesvol – niemand in die dorp wou met mense meng wat tot Christenskap bekeer het nie.

Aditi was op die punt om haar studies te staak, want haar familie kon nie meer bekostig om vir haar opvoeding te betaal nie. Jou ondersteuning en gebede het Geopende Deure se plaaslike vennote egter in staat gestel om te help. Aditi se pa sê: "Baie dankie vir julle inisiatiewe, wat ons in staat gestel het om my dogter se skoolgeld te betaal. God seën julle almal en sal julle ook in die toekoms lei."

Hulle ervaar nog baie uitdagings, maar hulle vertrou op God. Aditi se pa sê: "Dikwels wanneer ek moedeloos voel, wend ek my tot gebed. So kry ek moed om op Hom te vertrou; dis waar dat ons moed nodig het om op God te vertrou. En daardie moed kom deur gebed."

**LEES PSALM 34:18**
*"As die regverdiges om hulp roep, hoor die Here hulle en red Hy hulle uit al hulle benoudhede."*

**BID:**
- Vra God om Aditi te seën terwyl sy voortgaan met haar studies.
- Bid dat God in al Aditi en haar gesin se behoeftes sal voorsien.
- Bid dat God die harte van hul familielede en bure sal verander, sodat Aditi se gesin weer hul gemeenskap se ondersteuning sal hê.
- Bid vir ander Christene wat deur hul gemeenskappe uitgesluit word, dat God hulle sal help en vertroos.

# DAG 4 - SURAJ

Suraj* lei ŉ kerk met sowat 200 mense in sy dorp. Sedert hy die kerk ŉ paar jaar gelede begin het, word hy voortdurend gemonitor deur Hindoe-ekstremiste wat kwaad is omdat sy kerklede hul tradisionele geloof verlaat het.

Die ekstremiste het uiteindelik besluit om tot aksie oor te gaan. Suraj deel: "Die Hindoe-ekstremiste het my voorgekeer terwyl ek ŉ nabygeleë dorp besoek het en my na ŉ afgeleë plek geneem. Hulle het my drie ure lank aangerand. Hierna het hulle my gedreig en beveel om die kerk te sluit, of anders sou ek erger gevolge in die gesig staar.

"Niemand het tot my redding gekom nie. Ek het ernstig gewond by my huis aangekom en is later met behulp van ŉ vriend hospitaal toe."

Toe plaaslike vennote van Geopende Deure hoor wat met Suraj gebeur het, het hulle met behulp van jou gebede en ondersteuning sy mediese uitgawes betaal. Ondanks die brutale behandeling deur die ekstremiste, sê hy: "Ek vergewe hulle omdat hulle Christus nie ken nie en nie besef wat hulle doen nie."

**LEES PSALM 25:20**
*"Beskerm my en red my, laat my nie beskaamd staan nie, want by U skuil ek."*

**BID:**
- Vir voortgesette genesing vir Suraj.
- Dat God die ekstremiste wat Suraj teiken se harte sal verander en hulle na Hom sal lei.
- Vir beskerming vir Suraj en sy familie.
- Bid vir ander soos Suraj, wat geweld moes deurmaak weens hul geloof in Jesus. Bid dat God hulle sal genees en vertroos.



# DAG 5 – PRAVEEN EN SHANTI

Praveen*(45) en sy vrou, Shanti*(42), het tot geloof gekom nadat Shanti van ŉ siekte genees is toe ŉ pastoor vir haar gebid het.


Praveen en Shanti in hulle winkel.

Hulle familielede was egter kwaad oor hul nuwe geloof en wou weet waarom hulle ŉ vreemde God dien. Toe hulle weier om op te hou om Jesus te volg, het Praveen se familielede ŉ stuk grond gesteel wat hy geërf het. Praveen wou die grond verkoop sodat hy die skuld kon afbetaal wat hy vir Shanti se behandeling moes aangaan voordat sy genees is.

Ondanks hierdie gebeure, sê hy: "Ek kon die vrede wat ek nou het, nêrens anders vind nie. God het ons verlos, en ons as ŉ familie glo dat ons die grond sal terugkry omdat ons aanhoudend bid."

Jou gebede en ondersteuning het Praveen en Shanti gehelp om ŉ klein winkeltjie te open sodat hulle aan hul familie se behoeftes kan voldoen. Shanti sê: "Ek is so dankbaar vir jul onbaatsugtige hulp."

**LEES JOHANNES 10:10**
*"ŉ Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed."*

**BID:**
- Bid asseblief dat hulle klein winkeltjie sal aanhou om suksesvol te wees.
- Praveen en Shanti het ook gevra dat ons vir hulle familielede sal bid, sodat hulle Jesus sal leer ken en Sy liefde sal ervaar. Praveen glo dat hy eendag die woorde van Joshua 24:15 as sy eie sal kan sê: "Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien."
- Bid dat hulle familielede se harte sal versag, en dat hulle die grond sal teruggee wat hulle van Praveen en Shanti gesteel het.

# DAG 6 - SAMEER

Nadat Sameer* sy studies by ŉ Bybelkollege voltooi het, het hy ŉ klein kerkie in ŉ afgeleë dorp begin. Dit het vinnig gegroei tot meer as 50 lede, en hulle het ŉ grasdakhut gebou waar die gelowiges kon bymekaarkom.

Plaaslike ekstremiste was egter ongelukkig oor die kerk se vinnige groei, en hulle het Sameer en sy kerklede begin dreig. Dinge het tot ŉ punt gekom toe die plaaslike verkiesings aangebreek het. Die Hindoe-ekstremiste het Sameer en die ander Christene daarvan beskuldig dat hulle ŉ "vreemde" godsdiens ondersteun, en gesê dat hulle mense oorreed om teen hul politieke party te stem. Hierna het hulle die hut wat die Christene gebou het, afgebrand. "Ek was geskok en bang om met die bediening voort te gaan," sê Sameer.

Geopende Deure se plaaslike vennote het Sameer besoek om saam met hom te bid en hom te bemoedig. Hulle het die kerk ook gehelp om ŉ nuwe bymekaarkomplek te bou. Sameer sê: "Om te weet dat ander gelowiges by ons staan, het ons geloof drasties versterk. Ondanks die insident het nie een van die gelowiges hul geloof versaak nie. Met die nuwe kerksaal wat groter is, besoek meer mense nou ons kerk."

**LEES PSALM 66:12B**
*"Ons het deur vuur en water gegaan, maar toe het U ons uitgelei na oorvloed toe."*

**BID:**

- Vir pastoor Sameer en sy kerklede, wat steeds in dieselfde dorp woon waar hul kerk afgebrand is. Bid vir hul veiligheid.

- Hulle ervaar ook uitsluiting en druk vanaf hul gemeenskap. Bid dat hulle in staat sal wees om almal sterk te staan in hul geloof.



Pastoor Sameer en sy kerklede.


Tara het in haar eie huis isolasie beleef as gevolg van haar geloof.

# DAG 7 - TARA

Die 15-jarige Tara* bly in dieselfde huis as haar familie, maar word weens haar geloof in Jesus heeltemal deur hulle verwerp.

Sy het tot geloof gekom nadat ŉ vriend haar kerk toe genooi het, waar vir haar gebid is vir genesing van ŉ siekte. “My siekte is genees. Ek het toe in Jesus begin glo. Ek het ŉ vrede gevind wat ek nooit tevore geken het nie – alles in my lewe het begin sin maak.”

Toe sy haar familie hiervan vertel, het hulle haar gewaarsku dat sy met niemand anders in die huis mag praat nie en in haar klein kamertjie moes bly. “Ek mag aan niks in die kombuis raak nie. Die res van die huisbewoners sê: ‘Alles, selfs water, sal onrein raak as jy daaraan raak.’”

Voordat Geopende Deure se vennote haar ontmoet het, het Tara as ŉ daaglikse loonarbeider gewerk om vir haar basiese behoeftes, soos voedsel en haar skoolgeld, te betaal. Sedertdien het Geopende Deure se plaaslike vennote haar gehelp om toelating tot ŉ kosskool buite haar dorp te kry en het hulle ook basiese daaglikse benodighede aan haar voorsien. Sy moes egter gedurende die Covid-19-inperkings na haar familietuiste terugkeer.

**LEES MATTEUS 19:29**

*“En elkeen wat ter wille van My Naam afgesien het van huise of broers of susters of vader of moeder of kinders of grond, sal honderd maal soveel ontvang en die ewige lewe as erfenis kry.”*

**BID:**

- Tara sê: “Bid asseblief vir my familie sodat hulle die Here sal leer ken en my sal aanvaar. Ek mis hulle baie.”
- Bid dat God Tara se geloof sal versterk en haar sal bemoedig.
- Bid vir ander jongmense soos Tara, wat die enigste gelowiges in hul families is en deur hul familielede vervolging ervaar. Bid dat hulle deur die liefde van hul hemelse Vader en hul wêreldwye kerkfamilie vertroos sal word.

# WEEK 3

# JOU ONDER-STEUNING HELP DIE KERK OM TE OORLEEF

**"Want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek."**

**MATTEUS 25:35-36**

---

Terwyl ekstremiste leuens en haatspraak gebruik om diskriminasie en geweld teen Christene in Indië aan te moedig, help jou gebede en ondersteuning Geopende Deure se plaaslike vennote om praktiese hulp, opleiding en bemoediging aan ons vervolgde broers en susters te bied. Bid hierdie week saam met ons vir die werk van Geopende Deure se plaaslike vennote waar hulle reageer op die impak van die Covid-19-pandemie – en die toenemende geweld teenoor Christene.

# DAG 1 – COVID-19-HULP

Tydens die Covid-19-inperkings in Indië kon baie van die armste mense nie uitgaan om te werk nie, met die gevolg dat hulle geen bestaansmiddele gehad het nie. Die regering het hulp aan van die armste families voorsien, maar Christene is dikwels oorgesien. Een van hulle, Aarti*, deel: "Ons was so ontmoedig toe hulle ons geïgnoreer het toe hulle noodleniging aan almal in die dorpie verskaf het."



Aarti dra noodleniging wat deur plaaslike Geopende Deure-vennote gebring is.

Te danke aan jou gebede en ondersteuning, kon Geopende Deure se plaaslike vennote vir Aarti en haar gesin van noodsaaklike voedselhulp voorsien. Sy sê: "Dankie aan die broers wat so ver gereis het en ons met hierdie inkopies in ons uur van nood geseën het."

Ten tyde van die skrywe, het jou gebede en ondersteuning meer as 126 000 gelowiges in Indië van noodsaaklike voedselhulp tydens die Covid-19-pandemie voorsien.

**LEES PSALM 111:5**
*"Hy voed dié wat Hom dien, Hy hou Sy verbond altyd in stand."*

**BID:**

- Prys die Here dat Geopende Deure se plaaslike vennote in staat was om so baie gelowiges tydens die Covid-19-inperkings met noodleniging te bereik.

- Bid dat God dié wat tydens die krisis teen Christene diskrimineer, se harte sal versag sodat hulle volgende keer Christene in nood sal help.

- Vra God om aan te hou om vir gelowiges in nood te voorsien.



Wees agtergelaat op 15-jarige ouderdom, het Sitara talle uitdagings in die lewe in die gesig gestaar as gevolg van haar Christelike geloof. Geopende Deure-vennote het 2 jaar gelede in aanraking met haar gekom, en help haar en haar broers en susters sedertdien.



# DAG 2 – NOODLENIGING

Nikhil* is slegs 18 jaar oud, maar is deur sy broers aangerand en uit sy familiewoning geskop oor sy geloof.



Nikhil ontvang noodsaaklike voedselhulp van Geopende Deure-vennote.

Sy pastoor verduidelik: “Nikhil kom van ŉ hoë kaste. Sy pa en sy broers word hoog geag in die samelewing en sy Christelike geloof het ŉ groot verleentheid vir hulle geword. Christenskap word valslik as ŉ vreemdelingsgeloof geag, wat net arm mense sal aanneem in ruil vir geld of materiële voordele. Dit was ŉ verleentheid dat ŉ seun van so ŉ hoë kaste Christenskap sou kies. Daarom het hulle hom aangerand.”

Gelukkig kon sy pastoor hom in die kerk laat bly, en Geopende Deure se plaaslike vennote kon noodsaaklike voedselhulp aan hom voorsien. Nikhil sê: “Ek is so dankbaar vir God, my pastoor en almal van julle wat my ondersteun het. My eie familie het my onterf, maar nou is julle my familie. Julle het tydens my desperate, pynlike situasie by my gestaan. Ek is so dankbaar.”

**LEES SPREUKE 18:24**

*“Maats kan jou breek, maar daar kan ook ‘n vriend wees wat nader is as ŉ broer.”*

**BID:**

- Bid dat God sal voortgaan om in Nikhil se behoeftes te voorsien en hom sal help om sy studies te voltooi.
- Bid dat hy sterk in sy geloof sal bly, ten spyte van die uitdagings wat hy in die gesig staar.
- Bid ook dat God sy familielede se harte teenoor hom sal versag, en dat hulle ook tot geloof in Jesus sal kom.
- Bid vir ander gelowiges wat skielik deur hul families en gemeenskappe verwerp word oor hul geloof, dat God Geopende Deure se plaaslike vennote sal help om hulle met noodleniging te bereik.

# DAG 3 – MEDIESE SORG

Onthou jy die storie van Vinita, vir wie ons verlede week gebid het? Preetha* is die vrou van die pastoor wat saam met Vinita gebid het toe hulle deur Hindoe-ekstremiste aangeval is. Hulle het Preetha met ŉ metaalstaaf geslaan totdat sy bewusteloos was, en het byna die helfte van haar hand afgesny. Sy was in ŉ baie ernstige toestand. Toe sy na ŉ staatshospitaal geneem is, het die mediese personeel geweier om haar te behandel as gevolg van druk van die Hindoe-ekstremiste.

Jou gebede en ondersteuning het Geopende Deure se plaaslike vennote in staat gestel om haar na ŉ privaathospitaal te neem en vir haar behandeling te betaal. Preetha sê: "As Geopende Deure ons nie gehelp het nie, sou ek gesterf het. Ek wil dankie sê, nie net vir God nie maar ook vir Sy mense wat ons gehelp het. Ek is baie dankbaar."

**LEES PSALM 107:20**
*"Hy het hulle met ŉ enkele woord gesond gemaak, hulle aan die dood laat ontkom."*

**BID:**

- Vir Preetha se voortgesette genesing. Haar hand is permanent beskadig en is steeds pynlik.
- Preetha vra ook dat ons vir haar aanvallers bid: "Bid vir my vervolgers wat God teëgaan, dat hulle Sy liefde sal leer ken."
- Sonder hulp sou Preetha gesterf het. Prys God dat Geopende Deure se plaaslike vennote haar betyds kon bereik. Bid dat hulle in staat sal wees om ander wat dringende mediese behandeling benodig, te bereik.


Preetha

# DAG 4 – ONDERSTEUNING IN LEWENSBESTAAN

Sumitra* is ŉ gelowige van die noorde van Indië. Een van haar grootste uitdagings is sosiale uitsluiting. Sy kon weens haar geloof nie werk kry in haar plaaslike gemeenskap nie, en haar familie het gesukkel om te oorleef. “Ons kon skaars twee etes per dag bybring,” sê sy.


Sumitra werk by die aartappelskyfie-vervaardigheidseenheid.

Met jou gebede en ondersteuning, kon Geopende Deure-vennote haar egter help om ŉ klein kothuisbedryf te skep wat aartappelskyfies maak en ŉ inkomste voorsien vir Sumitra en ander Christen-families wat werk geweier is oor hul geloof.

Sumitra sê: “Nou kan ek in my familie se behoeftes voorsien. My finansiële situasie is nou baie beter. Ek is nou selfonderhoudend en nie meer werkloos nie. Ek wil al Geopende Deure se vennote bedank wat ons op so baie maniere gehelp het. Die manier waarop julle in moeilike tye by ons gestaan het, is wonderlik. Ek dank julle vir die geluk wat julle in my lewe gebring het.”

**LEES PSALM 146:7A**

*“Hy laat reg geskied aan verdruktes en gee brood aan dié wat honger ly.”*

**BID:**

- Bid asseblief vir Sumitra en die ander gelowiges in haar gemeenskap, dat God sal voortgaan om hierdie kothuisbedryf te gebruik om hulle te seën en in hul behoeftes te voorsien.

- Bid ook dat God hulle as getuienisse sal gebruik vir hul bure wat weier om aan hulle werk te gee, en dat hulle lig in hul gemeenskap sal skyn.

# DAG 5 – BYBELVERSPREIDING

Te danke aan jou ondersteuning en gebede, het duisende gelowiges in Indië digitale Bybels ontvang. “Ek is so dankbaar dat ek hierdie digitale Bybel ontvang het. Ek is regtig hierdeur geseën, siende dat ek nie behoorlik kan lees nie,” sê Deepa*. Sy kan nou na die Bybel as ŉ oudioboek luister, wat ŉ groot hulp vir gelowiges soos sy met ŉ lae vlak van geletterdheid is.

Hierdie digitale Bybels is ook ŉ noodsaaklike hulpmiddel vir gelowiges wat diskreet moet wees wanneer hulle die Bybel lees vanweë die risiko’s wat hulle weens hul geloof in die gesig staar. Deepa deel: “Ek luister in die geheim na die digitale Bybel.” ŉ Ander gelowige, Akshay*, deel: “Ek kan dit maklik wegsteek wanneer daar ŉ veiligheidsrisiko is.”

Rajneesh*, ŉ ander gelowige wat ŉ digitale Bybel ontvang het, deel: “Deur hierdie digitale Bybel-toestel het ek verskeie Bybelstories gelees wat ek nie vantevore geleer is nie. Ek het dit ook met ander gedeel. Dankie dat julle ons bemoedig om meer getrou aan ons almagtige Here te wees.”

**LEES PSALM 119:105**
*“U Woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.”*

**BID:**
- Bid dat hierdie Bybels tot seën sal wees vir elke gelowige wat een ontvang het.

- Bid dat God Sy Woord sal gebruik om hulle geloof te versterk en hulle te bemoedig.




Geopende Deure-vennote het Mahesh gehelp om 'n projek te begin wat 'n inkomste genereer en sy lewensbestaan verbeter.

# DAG 6 – REGS-OPLEIDING

Mahesh* is ŉ pastoor in sy vyftigs. Hy is getroud, het vier kinders en lei ŉ klein kerkie.

Hy en sy kerklidmate het al talle vals aanklagte van Hindoe-ekstremiste ervaar, en is gearresteer nadat hulle daarvan beskuldig is dat hulle mense onder dwang bekeer. Maar nadat hulle regsopleiding van Geopende Deure se plaaslike vennote ontvang het, is Mahesh nou beter voorbereid daarop om hierdie tipe aanklagte te hanteer.

Hy deel: "Dit is asof God ons gebede verhoor het en ŉ weg vir ons oopgemaak het. Ek het die program met baie belangstelling bygewoon en het baie geleer. Nie lank daarna nie is ons kerk weer deur die plaaslike mense teëgestaan en die polisie was betrokke. Die mense het probeer om regstappe te neem. Ek was egter goed opgelei om dit te hanteer en het dapper met die owerhede gepraat en my regte aangehaal.

"Buiten die feit dat ons verskeie vals aanklagte op die beste moontlike manier kon aanpak, was ons ook in staat om die Evangelie met baie van dié wat ons teëgestaan het te deel. Ek prys God dat Hy ons deurentyd gelei het."

**LEES PSALM 119:154**
*"Behartig tog my saak en bevry my, hou my in die lewe volgens U belofte."*

**BID:**
- Bid dat die vals aanklagte teen Mahesh en die ander gelowiges sal stop.
- Bid dat God vir Mahesh en die lede van sy kerk sal seën, en hul dapper getuienis sal gebruik om baie ander in geloof na Hom te bring.
- Bid dat God sal aanhou om die regsopleiding wat deur Geopende Deure se plaaslike vennote voorsien word, te gebruik om Christene in Indië te versterk en hulle in staat sal stel om hulself teen vals aanklagte te verdedig.

# DAG 7 – ONDERSTEUNING MET OPLEIDING

Toe Rupa* voel dat God haar roep om Jesus te volg en Hom te dien, was haar pa verskriklik kwaad en het hy geweier om haar te ondersteun. Maar met die hulp van broers en susters regoor die wêreld, is sy in staat om haar studies voort te sit.



Jou ondersteuning en gebede het plaaslike Geopende Deure-vennote in staat gestel om Rupa in haar studies te ondersteun.

Sy sê: "Woorde ontgaan my om die organisasie te bedank wat na vore gekom het om my te help. Ek is baie dankbaar vir die geborgde ondersteuning vir my studies en ek bid elke dag dat God se seën oor Sy mense sal wees.

"My wens is om na my studies by kinder- en jeugbediening betrokke te wees. Ek is alreeds in die bediening by my plaaslike kerk betrokke en deel my getuienis oor Christus met enigiemand wat ek ontmoet. Ongeag hoe my pa reageer, ek sal aanhou om God te dien. Ek glo dat daar ŉ dag sal kom wanneer my pa verheug sal wees oor my besluit, net soos my hemelse Vader Hom verheug."

**LEES MATTEUS 6:33**

*"Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."*

**BID:**

- Prys God dat Rupa God se koninkryk eerste stel, ten spyte van haar pa se woede.
- Bid dat Rupa se gebede verhoor sal word, en dat haar pa ook die Here sal liefkry en hom sal verheug in sy dogter se begeerte om Jesus te dien.
- Bid dat God vir Rupa sal seën en lei waar sy graag by bedieningswerk betrokke wil wees.
- Bid vir ander jongmense wie se opleiding deur Geopende Deure se plaaslike vennote ondersteun word. Bid dat God hulle studies sal seën en hulle sal help om dit wat hulle geleer het, te gebruik om Hom te dien.

# WEEK 4

# DIE LIG SKYN IN DIE DUISTERNIS

**"Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie."**

**JOHANNES 1:5**

---

Ten spyte van die lyding wat Christene in Indië ervaar vanweë vervolging en die pandemie, skyn hulle lig in die duisternis en verloor hulle nie hoop vir die Kerk in Indië se toekoms nie. Mag jy hierdie week geïnspireer word deur ons broers en susters in Indië se geloof, en saam met hulle vir hul land bid.

# DAG 1 – RAJU BID VIR SY VERVOLGERS

Raju* was besig met ʼn gebedsbyeenkoms by sy huis toe Hindoe-ekstremiste ingekom het en hom en sy vrou aangeval het. Hulle beserings was so erg dat hulle gehospitaliseer moes word. Raju sou maklik haatdraend teenoor sy aanvallers kon wees, maar hy het geen haat gekoester nie.

Hy verduidelik: "ʼn Paar maande ná die aanval is een van die leiers van die groep wat ons aangerand het in ʼn ongeluk dood, en ʼn ander leier het baie siek geword. Baie van die dorpenaars het hieroor begin praat – sommige het gesê dat ons God besig is om hulle te straf.

"Maar op daardie stadium, eerder as ʼn gevoel van haat en wraak tenoor hulle, het God deernis vir hulle in my hart gesit. Ek was in staat om hospitaal toe te gaan en vir die siek leier te bid. Hy het niks gesê nie, maar sy hoof gebuig terwyl ek vir hom gebid het. Hy het nie ʼn Christen geword nie, maar ek voel dat God met sy hart gepraat het."

**LEES MATTEUS 5:44**
*"Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat julle vervolg."*

**BID:**

- Prys God vir Raju se dapper getuienis aan sy vervolgers.
- Bid vir Raju se aanvallers, dat God in hulle harte sal werk en hulle nader aan Hom sal bring.


Raju en sy vrou bid saam.

# DAG 2 – SANNA, 'N GOEIE LEWE AS GETUIE VIR CHRISTUS

Sanna* en haar familie het tot geloof gekom nadat haar ma van ŉ terminale siekte genees is. Aan die begin het hulle ernstige vervolging van hul gemeenskap ervaar. Sanna sê: "Ons is vir twee volle jare verbied om enige ander huise te besoek. Indien hulle uitgevind het dat ons dit gedoen het, moes ons ŉ boete van R10 000 betaal." Dit was gelykstaande aan twee maande se salaris in Sanna se dorpie. "Daardie twee jaar was ŉ toets vir ons."

Sedertdien het dinge verbeter, maar dit bly moeilik. ŉ Geopende Deure-vennoot verduidelik: "Die dorpsmense het deur hierdie familie se lewens gesien dat Christene goeie mense is. Dit het meegebring dat hul vorige straf opgehef is. Sanna en haar familie benodig egter steeds gebede, want hulle word nog nie heeltemal deur die samelewing aanvaar nie. Daar is steeds baie diskriminasie en geestespanning."

Sanna sê: "Ek hou baie van die liedjie *'I have decided to follow Jesus, no turning back'.* Hierdie liedjie bemoedig my altyd om in Christus te wandel, ten spyte van die moeilike omstandighede."

**LEES MATTEUS 5:16**
*"Laat julle lig so voor die mense skyn dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."*

**BID:**

- Prys God dat die getuienis van Sanna se familie die harte van hulle gemeenskap verander het.
- Bid dat God sal aanhou werk en dat Sanna se familie binnekort ten volle deur die gemeenskap aanvaar sal word.
- Bid vir krag, bemoediging en voorsiening vir Sanna en haar familie.
- Bid dat die getroue getuienis van gelowiges in Indië sal help om dié wat hulle teëgaan van plan te laat verander.

# DAG 3 – KUSUM LEI HAAR VERVOLGERS TOT GELOOF

Nadat Kusum* se man dood is, het haar gemeenskap, insluitend haar skoonfamilie, gesê dat dit haar skuld was omdat sy geweier het om haar geloof in Jesus prys te gee. Toe haar vyfjarige seun ŉ paar jaar later oorlede is, het hulle weereens haar geloof blameer. Kusum verduidelik: "Die dorpsmense het my nie toegelaat om my seun te begrawe nie. Hulle het gesê: 'Jy het ŉ vloek oor jou familie gebring! Jou man en jou seun is weens jou geloof dood!' Hulle het my uiteindelik toegelaat op my seun in die buitewyke van die dorpie te begrawe. Ek was heeltemal op my eie. Niemand is toegelaat om my te help nie."

Die vervolging wat sy saam met haar smart ervaar het, was verskriklik. Op ŉ keer het haar skoonpa met ŉ byl na haar huis gekom en gedreig om haar dood te maak.


Kusum

Te danke aan jou ondersteuning en gebede, stap Geopende Deure se plaaslike vennote die afgelope vyf jaar ŉ pad saam met Kusum. Sy het nooit haar geloof in Jesus versaak nie, en dinge het oor die jare stadig maar seker verander.

Kusum deel: "Ek het weens my Christelik geloof baie vervolging van my skoonfamilie en die dorpsmense verduur, maar nou kom talle mense in my dorpie tot geloof in Jesus. Sedert die Covid-19-inperking het tien nuwe families tot geloof in Christus gekom!" Die meeste mense in Kusum se dorpie wat tot geloof in Christus gekom het, was siek en is genees nadat hulle kerk toe gegaan het.

"My skoonfamilie het my baie vervolg, maar nou glo hulle in Christus. Hulle het dikwels na my huis gekom om my dood te maak. Ek het altyd vir hulle gebid. Die Here het my gebede verhoor, en nou het hulle gelowiges geword. Almal het tot geloof gekom, behalwe my skoonpa – maar hy leer ook baie oor die Christelik geloof. Hy vra my ook nou om vir hom te bid."

**LEES PSALM 34:15**

*"Die Here sorg vir die regverdiges en luister na hulle hulpgeroep."*

**BID:**

- Prys God dat hy Kusum se gebede verhoor het en baie mense in haar gemeenskap tot geloof gebring het, selfs dié wat haar vervolg het.
- Terwyl sommige mense tot geloof gekom het, is daar ander in Kusum se gemeenskap wat steeds die Christene vervolg. Bid dat hulle ook tot geloof in Christus sal bekeer.
- Bid dat God sal aanhou om vir Kusum en die nuwe gelowiges in haar dorpie te versterk en te beskerm.

# DAG 4 – PASTOOR RAMAN STAAN STERK

Pastoor Raman* was in sy kerk toe die gebou aan die brand gesteek is deur ŉ groep jongmense wat deur Hindoe-ekstremiste omgekoop is. Hy verduidelik: "Ek het probeer om uit die kerk te ontsnap, maar toe val ŉ stuk brandende hout op my."



Pastoor Raman [regs].

Genadiglik het hy nou van sy beserings herstel. Jou gebede en ondersteuning het hom van praktiese hulp voorsien, asook van ŉ nuwe klankstelsel vir die herboude kerk.

Ten spyte van die vreesaanjaende voorval, is Raman toegewyd aan die bediening waartoe hy voel God hom geroep het – om kerke in die dorpies rondom sy dorp te plant. "Ek weet dit kan gevaarlik wees. Ek weet ook dat ek dalk mag sterf, maar ek is nie bang nie."

**LEES JOSHUA 1:9**

*"Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan."*

**BID:**

- Prys God vir die waagmoed van gelowiges soos Raman, wat aanhou om die Here te dien ten spyte van gewelddadige aanvalle. Bid vir beskerming vir Raman en ander soos hy.
- Vra God om Raman se bediening te seën en gee hom wysheid terwyl hy meer kerke in sy streek wil plant.
- Raman se kerk het ŉ sterk kinderbediening – 500 kinders het slegs ŉ paar weke na die brand ŉ vakansie-Bybelskool by die kerk bygewoon. Bid dat Raman se kerk die volgende generasie as sterk gelowiges sal oprig.

# DAG 5 – AMAN, BID VIR GENESING

Aman* is ŉ pastoor van Indië en is in sy vroeë 30's. Sy familie het tot geloof gekom nadat God sy ma van ŉ terminale siekte genees het. Sedertdien het sy familie soveel ander in sy dorpie tot geloof in Christus gelei dat die dorpsowerhede Aman en sy familie begin dreig het en hulle gevra het om pad te gee.

Maar toe ŉ meisie van die dorpie siek word, is Aman en sy familie geroep om vir haar te bid – en sy is genees! "Deur hierdie een voorval het die hele dorpie die krag van Jesus Christus beleef," sê Aman. "Sedertdien is die teenstand baie minder."

**LEES PSALM 34:8**
*"Kom ondervind en sien self dat die Here goed is! Dit gaan goed met die mens wat by Hom skuil."*

**BID:**

- Prys God dat die mense in Aman se dorpie self die genesende krag van Jesus kon beleef. Bid dat baie meer deur wonderwerke soos dié tot geloof sal kom.

- Hoewel die vervolging wat Aman verduur afgeneem het, is dit nie heeltemal weg nie. Bid dat God hulle sal beskerm en in hul behoeftes sal voorsien.

- Geopende Deure se plaaslike vennote het Aman en van die ander gelowiges gehelp om ŉ klein onderneming te begin wat LED-gloeilampe vervaardig, omdat baie lede van die gemeenskap gesukkel het om uit te kom. Vra God om hierdie onderneming te seën.



Aman besig om 'n LED-gloeilamp te vervaardig.

# DAG 6 – MADAN, 'N HEDENDAAGSE SAULUS

Madan* is nou ŉ pastoor – maar het voorheen Christene vervolg.

Hy deel: "My lewe was baie anders voordat ek Christus geken het. Ek was bekend in my gebied as ŉ gehuurde bullebak. Ek was van die ouderdom van 13 jaar af aan alkohol verslaaf. Toe ek ouer word, het ek by ŉ bende betrokke geraak en ons het geld aanvaar om mense te slaan en selfs te vermoor.


Madan en sy vrou.

"Dit was ŉ tyd waarin ek Christene erg gehaat het, want ek het gehoor dat hulle mense geld aanbied om hulle weg te lok van hul oorspronklike kultuur en tradisies. Wanneer ek Christene in my gebied teëgekom het, het ek hulle geslaan en met vuil taal beledig."

Mettertyd het Madan in die tronk geëindig vir verskeie misdade wat hy gepleeg het. Terwyl hy in die tronk was, het iemand aan hom ŉ Bybel gegee en hom van Jesus vertel. Toe hy uit die tronk kom, het hy begin om kerk toe te gaan. "My lewe het heeltemal verander. Ek het begin om die Bybel te lees en het gevoel hoe God met my praat en my lei en vir my sê dat Hy alles nuut gaan maak!"

Madan lei nou ŉ kerk in ŉ gebied wat uiters gekant is teen Christene – hy het al baie dreigemente en aanrandings verduur. Maar hy is nie bang nie – inteendeel, sê hy: "Daar is altyd meer wonderwerke en genesing wanneer daar meer vervolging is."

**LEES MATTEUS 5:10**

*"Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel."*

**BID:**

- Prys God dat niemand buite sy bereik is nie – selfs dié wat Christene vervolg.
- Bid dat daar meer stories soos Madan sŉ sal wees, waar dié wat Christene vervolg het tot geloof kom.
- Bid dat God sal voortgaan om deur Madan te werk, en dat God hom sal beskerm en versterk.

# DAG 7 – KIRTI, DIE KERK GROEI TYDENS INPERKING

Kirti* is ŉ jong weduwee. Haar man is deur ekstremiste vermoor omdat hy geweier het om sy geloof in Jesus te versaak. Dit het ŉ paar jaar gelede gebeur, en Geopende Deure se plaaslike vennote is sedertdien in gereelde kontak met haar, en ondersteun haar met praktiese bystand en bemoediging.

Kirti is uitgewerp en vir haar man se dood blameer, maar God het stadig die harte van haar man se familie versag.

"Vroeër het my skoonpa my erg vervolg oor my geloof, maar nou bly hulle by my omdat daar niemand anders is om na hulle om te sien nie. Voorheen het hulle vir my gesê dat my man oor my Christelike geloof vermoor is.

"My skoonpa het nie in Jesus Christus geglo nie. Hy het gedrink en my vervolg, maar ek het voortdurend vir sy saligheid gebid. Ek dank God dat hy in Christus begin glo het," deel Kirti.

Sy gaan voort: "Tydens die Covid-19-inperkings het baie mense in my dorpie gelowiges geword. Ek het tydens die inperking baie tyd in gebed spandeer. Baie dorpsmense het na my huis gekom vir gebed vir hul siektes en God het hulle almal genees. Nou het baie nuwe mense in my dorpie begin om in Jesus te glo."

**LEES PSALM 118:21**
*"Ek wil U loof omdat U my gebed verhoor en my gered het."*

**BID:**

Kirti het onlangs hierdie gebed met ŉ plaaslike vennoot van Geopende Deure gedeel. Gebruik dit as basis vir jou eie gebed:

*Lewegewende God, ek dank U en bid vir al die mense wat my in my moeilike tye ondersteun het. God, seën almal van hulle en voorsien in al hul behoeftes.*

*Ek bid vir die mense wat verskeie vorme van vervolging verduur omdat hulle Christene is. Here, gee aan hulle krag sodat hulle hierdie vervolging kan deurstaan.*

*Mag U Kerk in elke land groei, sodat baie mense gered kan word en hulle lewens aan U sal wy. Mag almal wat Christene vervolg en hulle teëgaan ook gered word. Ek bid vir die saligheid van al die mense in my dorpie.*

*Ek bid vir die dienaars van God, dié wat na baie dorpies gaan om die Woord van God te deel – God, hou hulle veilig en voorsien in al hul behoeftes.*

*Help almal van ons om volgens die Woord van God soos in die Bybel te leef. Amen.*

# WEEK 5

# DIE GEBEDE VAN DIE HEILIGES

**"Ek roep U aan, want U sal my antwoord, my God! Luister tog na my en hoor wat ek sê."**

**PSALM 17:6**

---

In die laaste drie dae van ons maand van gebed, wil ons graag die gebedsversoeke van drie van Geopende Deure se plaaslike vennote deel. Bid saam met hulle vir hul medegelowiges en vir Indië – waar hulle in ŉ omgewing met geweld, agterdog en die gevolge van die wêreldwye pandemie werk.

# DAG 1 - RAJESH

Rajesh* is ȟ plaaslike vennoot van Geopende Deure wat al vir meer as ȟ dekade vervolgde Christene in Indië ondersteun, te danke aan jou ondersteuning en gebede.



Rajesh, 'n plaaslike vennoot van Geopende Deure.

Rajesh vra ons om voort te gaan om te bid vir bemoediging vir hom en ander wat die vervolgde gelowiges dien. “As jy nie bemoedig word nie, sal jy afgestomp raak. So bid dat die Here ons elke dag sal bemoedig, en aan ons nuwe visie sal gee om na die vervolgde Kerk uit te reik.”

Toe hy gevra is oor sy hoop vir die jaar vorentoe, het hy gesê: “Ek dink dit sal julle hoop ook wees – ȟ Covid-19-vrye wêreld!”

Maar hy voel ook dat die einde van die pandemie ȟ gevoel van verantwoordelikheid sal bring. “As God aan ons ȟ Covid-19-vrye wêreld gee, sal ons verantwoordelikheid in die wêreld toeneem. As ons vry is, sal ons meer moet optree en harder moet werk.”

Wat ook al voorlê in die maande wat kom, hy plaas sy vertroue in God. “Ons het ȟ God wat almagtig is en groter as enige beproewings is – en sterker as enige pandemie. Te midde van hierdie onsekerheid, is ons verseker van God.”

**LEES EFESIËRS 2:10**

*“God het ons gemaak wat ons nou is: In Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.”*

**BID:**

- Vir bemoediging vir Rajesh en ander wat vervolgde gelowiges in Indië dien.
- Vir ȟ einde aan die Covid-19-pandemie, en wysheid vir Indië se leiers om te weet hoe om die pandemie onder beheer te bring in so ȟ groot bevolking.
- Dat namate Covid-19-beperkings oor die wêreld opgehef word, Christene hul vryheid sal benut om die liefde van God met dié rondom hulle te deel.

# DAG 2 – HEENA

Heena* is al vir ŉ paar jaar ŉ plaaslike vennoot van Geopende Deure. Sy was betrokke daarby om gelowiges in dringende nood te help, veral tydens die Covid-19-inperkings.

Sy deel: "Daar is ŉ vraag wat ek dikwels vir myself vra – veronderstel ons was nie daar nie, wat sou gebeur het? Dit is natuurlik baie moeilik om jou voor te stel.

"Ons vertrou egter op die Here. Gelowiges ontvang hierdie hulp weens hul geloof, maar ons is net die kanaal.

"Só dikwels is die terugvoer wat ek kry: 'Julle is regtig 'n antwoord op ons gebede. Ons bid regtig, ons het regtig gebid vir hierdie ondersteuning.' Hulle huil meestal en sal sê: 'Ons God is getrou en julle teenwoordigheid is ŉ bewys daarvan. Julle teenwoordigheid het ons geloof versterk.'

"Dikwels deel mense met ons dat hulle amper op die punt was om hul geloof prys te gee, maar die ondersteuning het hulle versterk en het hulle weer in ŉ nuwe, versterkte verhouding met God gebring. So ons hulp, te danke aan al ons ondersteuners, is iets wat hulle regtig versterk. En dit blyk om deurslaggewend te wees in hul lewens. God gebruik waarlik hierdie werk."

**LEES MATTEUS 21:22**
*"As julle glo, sal julle alles ontvang wat julle in gebed vra."*

**BID:**

- Prys God dat hy Geopende Deure-vennote soos Heena gebruik as ŉ antwoord op die gebede van gelowiges in desperate omstandighede.

- Bid vir wysheid en energie vir Geopende Deure se plaaslike vennote om diegene te kan bereik wat die grootste behoefte aan hulp het.



Christene ontvang dringende noodleniging.

# DAG 3 - PASTOOR SAMUEL

Pastoor Samuel* is ŉ plaaslike vennoot van Geopende Deure in Indië. Sy span het voortgegaan om vervolgde Christene tydens die Covid-19-krisis te dien, deur noodsaaklike voedselhulp aan diegene te gee wat vanweë hul geloof regeringshulp geweier is, asook deur hul gewone werk om gelowiges te help wat diskriminasie en aanvalle verduur. Hulle werk kan riskant wees, maar hy deel dat jou gebede en ondersteuning hom en sy span gehelp het om aan te hou.



Pastoor Samuel lees sy Bybel.

“My liewe broers en susters, ons was almal in staat om te doen wat ons doen net omdat julle gebid het. Julle bid sodat ons span hierdie mense kan besoek en ondersteun. Omdat julle ons ondersteun, is ons in staat om hulle te besoek en te bemoedig. Ons kan gaan en is in staat om risiko’s te neem, om in moeilike tye in riskante gebiede te wees om hierdie mense te ondersteun. Dit is net omdat julle bid dat ons in staat is om dit te doen. Ons kan risiko’s neem en dapper staan om ons broers en susters in hierdie krisis te ondersteun.

“So baie dankie vir al julle gebede, al julle ondersteuning, alles wat julle doen vir die vervolgde Kerk.”

**LEES 1 KORINTIËRS 12:26**

*“As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly.”*

**BID:**

- Pastoor Samuel sê: “My liewe broers en susters, die vervolgde Kerk in Indië benodig julle gebede. Hou asseblief aan om te bid vir die vervolgde Christene in Indië.”
- Hou asseblief aan om vir ons vennote en span te bid, wat met waagmoed na daardie plekke gaan en hulle lewens waag om vervolgde Christene in daardie moeilike gebiede te ondersteun.
- Hou asseblief aan om te bid vir die vervolgers wat Christene vervolg. Mag hulle die liefde van die Here leer ken en in geloof op die Here se roepstem antwoord.

# WAT VOLGENDE?

Dankie dat jy hierdie maand saam met jou Indiese broers en susters in gebed gestap het. Net om te weet dat daar gelowiges om die wêreld is wat vir hulle bid, is ŉ groot bron van bemoediging vir ons Kerkfamilie. Sagar* is ŉ pastoor van Indië wat baie vervolging verduur het. Hy het vir ons gesê: “Ek is baie bemoedig toe ek gehoor het dat wanneer ons deur vervolging gaan, nie net die plaaslike Kerk nie, maar ook gelowiges regoor die wêreld, vir ons bid. Hierdie kennis het my ontsaglike krag en vreugde gegee.”

Indien jy jou reis met jou vervolgde Kerkfamilie wil voortsit, besoek ons webtuiste, **www.standfortruthindia.co.za**, stuur ‘n epos aan **southafrica@od.org.za** of skakel **(+27) 11 888 9362.**





**Hier is drie dinge wat jy nou kan doen:**

# HOU AAN BID.

Teken in vir ons eposse en volg ons op sosiale media vir meer maniere om vir ons vervolgde Kerkfamilie te bid.

# GEE.

Dalk wil jy ŉ geskenk gee om die vervolgde Kerk te ondersteun, of miskien wil jy ŉ fondsinsamelingsgeleentheid hou, of deelneem aan ŉ geborgde uitdaging om noodsaaklike ondersteuning vir jou vervolgde broers en susters in te samel.

# GEBRUIK JOU STEM.

Skryf aan jou LP en stuur aan hulle ŉ kopie van die Impact India-navorsingsverslag deur die London School of Economics (vrystelling 1 Julie). Raak betrokke by ons sosiale media-veldtogte deur 'n kort video en hutsmerke te deel: *Tag* politici, invloedrykes en die media. Help om aandag te vestig op die situasie van geloofsminderhede in Indië.

Geopende Deure

www.opendoors.org.za
+27 11 888 9341

Geopende Deure - Open Doors | Reg. Nr: 2004/023397/08 | PBO Nr: 930011129